


WOORDFEES-  
STUDENTEKOERANT

# LIP 2015

15 MAART

[WWW.LIPKOERANT.COM](http://WWW.LIPKOERANT.COM)



## NEWS

US Woordfees se eerste kontantvrye jaar ontlok gemengde reaksie

# Kontantvry is nie klagtevry nie

VANJAAR HET DIE US WOORDFEES VIR DIE EERSTE KEER 'N STELSEL VAN KONTANTVRYE BETALING GEBRUIK. VERSKEIE FEESGANGERS HET GEMENGDE GEVOELENS GEHAD OOR DIÉ NUWE MANIER VAN BETAAL VIR PRODUKSIES, SNUISTERYE EN VERVERSINGS. **JACQUES MYBURGH** HET GAAN ONDERSOEK INSTEL

JP DU TOIT,

'N BETAALPUNT-BEAMpte BY DE VETTE MOSSEL:



“

“Daar was positiewe en negatiewe aspekte van die stelsel, maar soos wat die fees langer geduur het, het mense meer gewoon geraak daaraan. Daar was hier en daar gefrustreerde feesgangers, maar dis so met enige nuwe tegnologie. Mense moet eers gewoon raak aan 'n ding voor dit gebruik word. 'n Kontantvrye stelsel is vir my baie makliker as harde kontant en daar's baie minder risiko's.”

ALEX HAMILTON,

'N KUNS-KURATOR VAN DIE OPSKIET-GALLERY:



“Met die kuns was dit maklik gewees. Feesgangers sit nie so baie geld op hulle feeskaarte nie en betaal met hulle debiet- en kredietkaarte. Ek dink baie feesgangers het gevoel hulle word forseer om hulle geldsake te verander. Hulle dink daar is een of ander *scheme* of *catch* agter die stelsel en voel hulle wil eerder kontant of met hulle debiet-en kredietkaarte betaal.”

FRANS VAN DER HOEK,

'N NEDERLANDER WAT HIER OP VAKANSIE IS:



“

“Ek hou glad nie daarvan nie. Ek hou daarvan om met kontant te betaal en koop meeste van my kos by Die Khaya omdat hulle kontant en kaarte aanvaar. Ek vermy plekke waar ek die feeskaart moet gebruik. Jy laai byvoorbeeld R50 op jou kaart en iets kos R45, daardie R5 gaan verlore as jy dit nie op die ou end gebruik nie.”

IZELLE VENTER,

'N FEESGANGER VAN JOHANNESBURG:



“Dis baie moeite om na 'n betaalpunt te loop, 'n kaart te koop en geld daarop te laai. Dis soos 'n outydse kerkbasaar-boekie. Die Woordfees moet modern wees en by krediet- en debietkaarte bly. Ek kan nie 'n boek by die Woordfees-boekwinkel koop nie, ek koop eerder my boeke by 'n boekwinkel voor ek moet sukkel met 'n feeskaart.”

CORNÉ BRUMMER,

'N KROEGMAN BY DE VETTE MOSSEL:



“

“Mense kom kla en raak kwaad vir ons agter die kroeg oor hoe die stelsel werk. Ons het eers teen Vrydag die kodes begin memoriseer wat ons op die masjien moet intik vir die pryse van die verskillende drankies. Die betaalproses vat ook baie lank. As ons met kontant gewerk het sou ek in die tydperk van een kontantvrye transaksie drie mense kon help.”

## Wat sê die Woordfees?

JACQUES MYBURGH

Volgens Saartjie Botha, direkteur van die US Woordfees, het die kontantvrye stelsel 'n gemengde ontvangs gehad.

“Party mense skop daarteen en beskou dit as onnodige moeite en party sê dit vertraag hulle transaksie-prosesse.

“Dit is nie 'n stelsel wat noodwendig oral ewe goed werk nie, maar dit was ongelooflik belangrik vir my om dit te doen om 'n idee te kry van wat op dié terrein aangaan.”

Botha sê volgens nuutste beskikbare syfers het hul inkomste vervierdubbel vergeleke met verlede jaar.

“Daar is bietjie pyn wat die betaalstelsel aanbetref, maar dit is 'n pyn wat ek weer sal vat. Daar is nie omdraaikans nie. Vir die fees om finansiële te oorleef sal ons dit moet doen.

“Ons sal waarskynlik soos tegnologie verbeter dit beter en gemakliker

kan uitrol.”

Botha en die Woordfees beplan om later die kontantvrye stelsel so aan te pas dat feesgangers se kredietkaarte as 'n kontantlose kaart kan funksioneer.

“Vir dit om te gebeur sal ons insae van al die banke nodig hê, maar dit gaan gebeur, mense moet hulle maar regmaak. Ek glo binne drie jaar sal dit glad verloop.

“Dis vinnig en veiliger. Ons het in die verlede met 'n plastieksak bank toe gestap met R60 000 (kontant) in.”

Volgens haar is daar ook baie feesgangers wat nie hulle oorblywende geld op hulle kaarte onttrek nie.

“Dit staan bekend as *breakage*.

By Oppikoppi byvoorbeeld was daar verlede jaar sowat R500 000 se geld wat feesgangers nie van hulle kaarte onttrek het nie.

“Ons maak ook bietjie geld.

Ons kry 'n klein persentasie van die transaksies met die kaart, maar ons wil hê mense moet hulle geld onttrek.”

## Só ken jy feeskatte uit

KAYLA ALEXANDER

'N FEESKAT KEN VAN FEESHOU. HULLE HET JARE SE ERVARING IN DIE BEDRYF. INDIEN JY IETS OORKOM, SAL DAAR 'N FEESKAT NABY WEES OM JOU IN TYE VAN NOOD TE HELP.

HIER IS VYF WENKE OM 'N FEESKAT UIT TE KEN:

### DIE TROEP:

Vir haar sal jy nooit op haar eie sien nie. Sy beweeg rond in groepe van drie tot twaalf, selfs meer. Die troep is belangrik vir eenheid en om die fees se

### DIE HOED:

Dit is groot en van strooi, gewoonlik 'n *bright* bont kleur soos pienk of geel, propvol blomme en tierlantyntjies. Die hoed is daar vir beskerming teen die son, maar, belangriker nog, om die verskillende Feeskat-troepe van mekaar te onderskei.

### DIE SAK:

'n Feeskat se sak mag dalk groter as die Groot Gat van Kimberley wees. In daardie sak lê daar alles wat jy nodig het om 'n fees te oorleef. Van pleisters en Dettol, tot toilet-papier en water. Die Feeskatte is reg vir enige omstandighede wat die fees vir hulle gooi. In daardie sak lê daar ook al die wysheid wat die Feeskatte oor die jare versamel het.

### DIE T-SHIRT:

Feeskatte dra *t-shirts* wat gemerk is. Daar sal een of ander slagspreuk van Die Troep op wees. 'n Voorbeeld sal wees “Die Bos-mossel Feeskatte”. Hulle dra ook almal dieselfde kleur *t-shirt*, juis oor dit goedkoper is om te maak en om Die Troep uit te ken indien jy hulle verloor langs al die lekker stalletjies.

### REDAKSIE SPAN

HOOFREDAKTEUR:  
Hannes Kruger

ASSISTENTREDAKTEURS:

Suzaan Potgieter  
Kyle Smith

UITLEGREDAKTEUR:

Tatum Morley

FOTOREDAKTEURS:

Melissa da Costa  
Simon Sonnekus

MULTIMEDIA REDAKTEUR:

Edward Goff

SPEZIALE DANK:

Marenet Jordaan  
Leon Kriel  
Jeanne van der Merwe

TEKSREDAKTEURS:

Leonardo Angelucci  
Mikail Baker  
Nicola Jo Bruns  
Mila de Villiers  
Siviwe Feketha  
Edward Goff  
Adri Thiart  
Lea van der Merwe  
George von Berg  
Heike Werth

UITLEGKUNSTENAARS:

Heléne Booyens  
Hannes Kruger  
Tatum Morley  
Suzaan Potgieter  
Kyle Smith  
Mizan van der Merwe  
Marcelle van Niekerk

VERSLAGGEWERS:

Kayla Alexander  
Elmarine Anthony  
Louis du Preez  
Jade Larey  
Jacques Myburgh  
Mirandi Nel  
Fredalette Uys



‘Ek is baie dankbaar vir my kinders’

# Wilna Snyman op verhoog ondanks Alzheimers

## AL DIE SIKTES MET 'N 'A' HET EK'

GEORGE VON BERG

Die bekende verhoog- en televisie-aktrise, Wilna Snyman, was na 'n hele ruk se afwesigheid weer te sien by vanjaar se Woordfees in Son.Maan.Sterre, onder leiding van Christiaan Olwagen. Snyman se verhoogvertonings is drasties afgeskaal nadat sy in 2013 met Alzheimer se siekte gediagnoseer is. Gedurende 'n onderhoud saam met haar jare-lange kollega Louis van Niekerk sê Snyman dat sy in haar tyd weg van die verhoog meestal gefokus het op radiowerk en voordrag, wat sy nog baie geniet.

Die siekte het volgens haar 'n jaar en 'n half gelede 'n merkbare impak begin hê.

“Dit het as't ware te vore getree en gesê *I'm here whether you like it or not.*”

Tans kry sy die beste medikasie wat beskikbaar is, en sy hoop dat daar binnekort 'n middel is wat dit kan genees, maar twyfel omrede dit 'n genetiese toestand is.

Alzheimer se siekte is 'n progressiewe vergeet-siekte wat aanvanklik mense se korttermyngeheue affekteer en later ook beweging en spraak aantast.

Snyman meen dat jy haar nie moet vra wat vanoggend of gister gebeur het nie, maar sy kan 'n hele stuk van haar

enkelvertoning oor Emily Hobhouse woord vir woord aanhaal.

“Ek het dit soveel keer opgevoer dat dit êrens in my brein nog verpak is, maar wat vanoggend gebeur het is al klaar uitgevee.”

Snyman sê haar ma en tannie het beide die siekte gehad maar dit het gelukkig eers in hulle oudag manifesteer. Hulle pa was die draer.

“Daaityd was daar nie kennis oor die siekte nie. Mense het net gesê dat dit verkalkte are in die kop was,” voeg Van Niekerk by.

Haar ma was haar grootste inspirasie. Sy glo sy het haar ma se talente en goeie gene geërf, soos om klavier te kan speel, wat sy nou nog kan doen, alhoewel sy sukkel weens artritis.

“Al die siektes met 'A' het ek,” lag sy.

Snyman kom steeds redelik goed oor die weg sonder veel hulp. Sy bly in 'n af-treestoort in Hermanus en ry nog alleen rond, maar per haar kinders se versoek ry sy nooit buite Hermanus nie.

Sy en Van Niekerk meen dat hulle nie ver in die toekoms in kyk op hulle ouderdom nie, maar dat hulle seker is hulle nie sommer weer vertonings by 'n feestie sal doen nie.

“Ons word albei 80; dit raak net te veel op ons ouderdom.”

Snyman het al haar deel be-

proewings agter die rug. Sy het borskanker oorleef en haar lewensmaat Japie is 'n paar jaar terug dood aan Parkinson se siekte.

“Ek sou nooit die sukses behaal het of die hoogtes bereik het wat ek het as dit nie vir my man was nie. Hy het my die vryheid gegee om my passie te volg terwyl meeste vrouens by die huis moes bly,” sê Snyman.

Sy het in 2007, in die tyd wat haar man siek geword het, 7de Laan verlaat het, na sewe jaar op die stel. “Wat heel ironies en poëties is,” lag sy.

Snyman het die rol van Madel met die aanvang van die reeks in 2000 vertolk. Dit het vir haar baie beteken.

“Die rol het net op die regte tyd op my pad gekom.”

Die beste ding om te doen volgens haar is om dit 'n dag op 'n slag te vat. “*Living for the moment*, soos hulle sê.

“Ek het 'n baie goeie lewe. Ek het vriende wat my verstaan en 'n pad saam met my loop. Ek het drie lieflike kinders wat my ondersteun.

“Ek wil net bietjie vir 'n oomblik filosofies raak en sê: Niks wat in jou lewe gebeur is toevallig of tevergeefs nie. As jy terug kyk na jou lewe, na alles wat gebeur het, kom jy agter dat dit nodig was dat hierdie ding gebeur het, sodat jy daar by daai ding kon uitkom.”



Wilna Snyman tydens die onderhoud.

FOTO'S: Fredalette Uys

Ek het 'n baie goeie lewe. Ek het vriende wat my verstaan en 'n pad saam met my loop. Ek het drie lieflike kinders wat my ondersteun.

# Nataniël is g'n 'feeslegende'

JACQUES MYBURGH

Vir Nataniël is daar net een fees om by op te tree en dit is die US Woordfees.

Die bekende kabaret- en televisiepersoonlikheid het vanjaar by drie vertonings van sy nuutste produksie, *Die maak van 'n Jas*, hier opgetree.

Volgens hom tree hy by geen ander fees behalwe die Woordfees op nie.

“Die rede hoekom ek ophou *shows* doen by feestie, is omdat ek hou van tegniese perfeksie”, sê hy.

“Die Woordfees is die eerste fees in Suid-Afrika wat vir my genoeg tyd gee totdat ek tegnies *happy* is met die *show*, dit gebeur by geen ander fees nie.

“Onthou, ek moet op ander skree, dan moet ek hulle *spirit* breek en dan hulle *rûe* ook,” skerts hy.

Nataniël sê mens kry kunstenaars wat bekend staan as “feeslegendes”.

“Hulle gaan van die een fees na die ander en doen daar *shows*. Ek aan die anderkant het 'n loopbaan in die regte wêreld.

As jy jou *dues* betaal het soos ek, wat al 28 jaar op die verhoog is, dan gaan jy nie meer dink dis opwindend om by 'n landbouskool se eetsaal in Oudshoorn te perform nie – daai dae is verby. Dit was *cute* gewees die eerste 3 weke van my loopbaan in 1812, maar nou nie meer nie.

Vir Nataniël is die geleentheid om in die Endler op te tree 'n reis na register. “Ek doen juis hierdie fees omdat ek mal is oor die Endler. Ek het hier geswot toe ek 'n orrelstudent was. ek



het op daai orrel gespeel sedert die dag wat hy ingesit is. As ek nie by die fees optree nie, kry ek nie die geleentheid om in Endler op te tree nie.

“My identiteit is hier gevorm. Dis waar ek vir die eerste keer my verskriklike *costumes* gedra het en waar ek vir die eerste keer uitgetrap is omdat

ek 'n *freak* is. Ek het my heel eerste *show* hier gedoen. Alles van my is hier *geshape*.”

Sal hy volgende jaar weer Woordfees toe kom as hy by De Vette Mossel moet optree?

“Nee, dan wens ek hulle alles van die beste toe.”

# Sandra steeds op 'n vinnige drafstap

Ek is 'n baie aktiewe mens. Ek doen pilates. En ek stap baie. Ek roei, ek seil, ek duik - ek alles.



ADRI THIART

Sy klim gemaklik uit haar plat silwer Mercedes en groet vriendelik. “Ek lyk oes, maar jy kan my maar afneem. Dit is soos dit is.”

Sy toor met 'n bietjie lipstiffie. Sy lyk nie oes nie. Sy lyk *great*. Op 67 is Sandra Prinsloo steeds sprankelend mooi – Suid-Afrika se gunsteling blonde *bombshell*.

Tydens die US Woordfees was Sandra te sien in die Anton Tsjechov produksie *Die Seemeeu* – verwerk deur Saartjie Botha en Christiaan Olwagen.

Sy speel die rol van Irina Arkadina, 'n aktrise wat sukkel om tot berusting te kom oor oudword.

“Sy sê sy steur haar nie aan die toekoms nie. Sy bly net jonk in

haarself” Arkadina se jonkbly behels *spandex*, *spinning* en gewaagde strekke. En Sandra floreer in dié rol. Sy spring moeiteloos rond op die verhoog terwyl die ouer tannies in die gehoor langoog toekyk.

“Ek dink nie dis vir enige iemand baie lekker om oud te word nie.” Sandra glo nie in oudword voor jou tyd nie.

Sy sê dat jonkbly grootliks vir haar 'n kop-ding is, maar dat jy ook mooi na jouself moet kyk. Goeie eetgewoontes, baie water en fisiese oefening.

“Ek is 'n baie aktiewe mens. Ek doen pilates. En ek stap baie. Ek roei, ek seil, ek duik - ek alles.”

Daar is geen keer aan Sandra nie. Op 67 is sy steeds op 'n drafstap met 'n knipoog en 'n *smile*.

Sommige boos oor onheilige toneel in heilige venue, ander suip weer

# Dogma saai chaos en verdeeldheid

## DIE DRONK KLOMP...

### Dronkies verwar Dogma met Oppi-Koppi-show, vertoning ontwrig

■ AKTEURS IN GEHOOR  
OOK GEPLA  
JACQUES MYBURGH

Sommige feesgangers dink die Woordfees is Oppikoppi. Gewapen met 'n groot blou koelboks en 'n vrot houding, gooi hulle die vloeistof in hulle keelgate af asof dit uit die mode gaan. Sommer net daar. In die teater.

Vrydagaand by *Dogma* se eerste vertoning was daar glo 'n ou tannie en haar kamerade wat in die eerste ry gesit het en die teatergangers om hulle dik die josie in gemaak het met hulle dronkie-gewoontes.

Volgens Giselle Botha, 'n derdejaarsstudent aan Universiteit Stellenbosch (US), wat ook die produksie bygewoon het, het die vrou, glo in haar vyftigs, luidrugtig gesels en gelag tydens die vertoning.

“Ek kon die drank ruik wat hulle tydens *Dogma* se vertoning gedrink het,” het Botha gesê.

Botha het haar stem dik gemaak en die vrou probeer stil maak, maar sy het bulderend geantwoord: “Gaan

kla maar! Hulle sal niks aan my doen nie. Ek ken vir Lina Spies én Saartjie Botha.”

Later het 'n Woordfees-beampte glo die rumoerige klomp probeer stilmaak. Die gesette antie het weer gesê sy ken glo die hele Stellenbosch en hulle kan maak nes hulle wil.

Die klomp het later so feestelik geraak dat hulle 'n bottel vonkelwyn net daar oopgeskiet het, sê Botha: “Twee feesgangers langs ons was so geïrriteerd dat hulle opgestaan en op 'n ander plek gaan sit het.”

“Dis baie onregverdig teenoor die res van die teaterkykers. Ons het ook

“Ek kon die drank ruik wat hulle tydens *Dogma* se vertoning gedrink het

betaal vir kaartjies en sou graag die produksie wou geniet sonder sulke verstuurings,” het Botha woedend gesê. Quintin Wils en Jannes Erasmus van die produksie *Smaarties* is die twee wat



Erik Holm en Tinarie van Wyk-Loots in *Dogma*.

opgestaan het om te skuif, en hulle was duidelik nie beïndruk nie.

Volgens Wils het die besope antie en vier van haar makkers direk agter hom en Erasmus gesit.

“Hulle het die bottel vonkelwyn net voor die vertoning begin het oopgeskiet.”

Wils sê die klomp het soos vinke gekwetter en te kere gegaan.

“Ons het besluit *bogger* dit en gesien daar was twee stoele oop weg van die rumoer. Ons het nie eens langs mekaar gesit tydens die produksie nie.”

Rolanda Marais, wat Salomé in *Dogma* speel, het gesê hulle was te gefokus op hulle spel om agter te kom wat die vrou aangevang het.

## DIE HEILIGE KLOMP...

### Onsteltenis oor ‘onheiligheid’ in kweekskool

HELÉNE BOOYENS

Opinies is steeds verdeeld oor Christiaan Olwagen se bekroonde toneelstuk *Dogma*, wat verlede week by die Stellenbosch Universiteit se Teologie fakulteit opgevoer is.

Die stuk handel oor 'n jong man se stryd met geloof ná sy pa, 'n predikant, met veelvuldige sklerose gediagnoseer word. Tydens laasjaar se ABSA KKNK het *Dogma* twee Kannas verower.

Almal is egter nie tevrede met die temas wat *Dogma* verken nie, en party is veral ongelukkig dat dit by die Kweekskool aangebied is.

“Dit is 'n bespotting van die geloof,” sê Susan Blomerus, 'n feesganger wat saam met haar twee kinders van 16-en 19-jarige ouderdom die drama gekyk het.

“Alles met die Woord te doen is met ongelooflike kras humor hanteer.”

Volgens emeritus-professor in teologie, prof. Daniël Louw, wat self ook *Dogma* gekyk het, is dit maar net ironies dat só 'n toneelstuk by die Kweekskool aangebied is.

“'n Stukkie heilige humor. Of dit nou daar speel, by 'n kerk speel, in 'n

saal speel – dit behoort geen verskil te maak nie.

“Trouens, by terugskouing is ek bly dit is daar aangebied. Só iets kon nie tien jaar terug gebeur het nie, en ek is bly die fakulteit is nie kleinlik of klein-sielig daarvoor nie,” het Louw gesê.

Volgens Louw hoef 'n mens nie die stuk as kritiek teen die Christelike geloof te sien nie, en dat dit eerder kerke se konstruksies en kategorieë uitdaag. “En dit is nie net die NG-kerk wat deurloop nie.”

Christiaan Olwagen, skrywer en regisseur, verduidelik *Dogma* was nooit as 'n aanval op die kerk bedoel nie. “Dit gaan nie soseer oor dogma nie, maar oor hoe dit toegepas word.

“Dit is 'n meer persoonlike ding – dit gaan oor mense wat seergemaak word en hoe hulle mekaar seermaak. Dit is 'n saak wat my persoonlik raak, en ek het geskryf met my ouers se eie worstelinge oor geloof en die lewe in gedagte.

“Natuurlik gaan sekere mense aanstoot neem. Maar sover het ons baie ondersteuning vanuit die teologiese oord ontvang, en is geweldig dankbaar daarvoor.”

## Dié kwale kwel by vanjaar se Woordfees

MIRANDI NEL

Maaggoggas, loopneuse en onbeplande seks was die vernaamste kopers waaroor Stellenbosse aptekers tydens die Woordfees moes bontstaan.

“Dis maar jou *morning after* pillietjies wat baie goed verkoop,” het een apteker, wat anoniem wou bly, gesê.

“Lyk my kondome is nie meer die in-ding nie, hopelik dra meeste studente dit by hulle.”

Stelkor Apteek se Hendrina Schoeman het aan *Lip* gesê daar was tydens

die Woordfees 'n maagvirus in die lug. “Almal se mae was omgekrap. Hulle was naaf of het diarree gehad,” het sy gesê. “Almal sukkel ook hierdie tyd van die jaar met verkoue en hooikoors.”

Die nadraai van die Jonkershoek-brand het ook veroorsaak dat mense “meer oogdruppels kom koop het”.

Een feesganger, Ansie Labuschagne van Bloemfontein, het bekommerd gesê dit is nou 'n slegte tyd om siek te wees, terwyl sy in die ry by Stelkor gewag het om vitamienpille te koop.

Lynette Geldenhuys, 'n apteker in die Eikestad-winkelsentrum, vertel die meeste mense het gedurende die fees maar kom vra vir medikasie vir “diarree en naarheid”.

Daar was ook feesgangers wat skenkings aan die brandbestryders in Stellenbosch wou maak wat onder meer oogdruppels, Burnshield, pleisters, oogwasmiddels en Energade kom koop het.


Daar is volgens haar nie “meer stoute goed as gewoonlik by die apteek gekoop nie”.

Carlien Saaiman, die winkelbestuurder by Bhealthy gesondheidswinkel, het ook heelwat klante gehad wat hulp nodig gehad het met die maagvirus, wat erge dehidrasie veroorsaak. Hulle gewildste produkte was rehidrasiemiddels en energiestafies, want die “feesmense kort die energie”.

Die winkel het ook Vitamien B hoog aanbeveel. Dit bou die immuunstelsel en moet daarom konstant aangevul word. Veral tydens 'n besige tyd soos Woordfees.

## HOU ALTYD DIÉ BY JOU

- Sonblok, want in die land van feeste is SPF koning.
- Lipbalm, want wie wil nou rasperlippe soen?
- Kopseerpilletjies vir die *groupies* wat so gil.
- Lewerpille om die lewer weer wakker te skok na 'n groot aand.
- Regmakertjies, want wie wil nou verkeerd wees en slaap tydens 'n *show*?
- Snotneuspilletjies vir die stof wat op 'n windrige dag in die sinusholtes waai.



Deon Meyer tydens sy boekbekendstelling.

FOTO: Nardus Engelbrecht

## Meyer se Ikarus meedoënloos, maar skiet kort aan geweld

JACQUES MYBURGH

Bennie Griessel moet homself dwing om te konsentreer. Dit is die stadige gif van die babelas, die vooruitsig van die volgende Jack...”. Ja liewe lesers, ons almal se gunsteling speurder by die Valke met die deurmekaar hare en Slowakiese gelaatstrekke is alwêreld aan die suip.

In Deon Meyer se nuutste boek, *Ikarus*, spoel die lyk van 'n omstrede webbladontwerper, Ernst Richter, oop tussen die duine in Parklands. Die webblad, Alibi.co.za, wat deur Richter ontwerp is, is 'n internetdiens vir ontroue lewensmaats wat die kat in die donker wil knyp. Dit skep 'n alibi vir die persoon in die vorm van vals vliegtuigkaartjies, hotelverblyf of konferensie uitnodigings – enigiets wat die verbruiker nodig het om 'n rookskerm te gooi vir sy/haar wellus en dwalende oë.

Met só 'n kontroversiële webtuiste begin die leser reeds met die intrapslag tob oor die eidelose moontlikhede oor wie vir Richter doodgemaak het en hoekom.

Die drankduiwel sak sy kloue diep in Griessel in ná 'n

aardskuddende ervaring. Dit maak die Valke se taak ongoddelik moeilik omdat een van hulle skerpste speurders meeste van die tyd in 'n beswyming is.

Dit gee Vaughn Cupido, die rebel van die Valkeenheid, die geleentheid om die Richter-saak te lei, maar Vaughn is ook in 'n beswyming. 'n Liefdesbeswyming, met een van die hoofverdagtes.

Meyer weef die spanningslyn styf in sy twaalfde misdadroman, deur die leser meedoënloos van die een bladsy na die ander te laat blaai net om weer die legkaarte te herrangskik oor wie nou eintlik die moordenaar is.

Alhoewel die spanning boeiend is, is dit die eerste boek van Meyer waar daar 'n skietstilstand in is. Daar word geen skote afgevuur nie. Geen booswig sneuwel nie. Inderwaarheid, geen 9mm pistool word eens uit sy *holster* gehaal nie.

*Ikarus* laat die hart pomp teen die pas van 'n polisie-jaagtog wat intrige en storielyn betref, met onverwagse karakterontwikkeling. Bloeddorstige lesers wat Quentin Tarantino-geweld verwag, moet weet hulle gaan gaap soos 'n polisieman wat laatskof op kantoor sit.



Sonja Brink, Brink's daughter became emotional during the ceremony. PHOTO: Leonardo Angelucci



Antjie Krog saam met Brink

PHOTO: Books Live

Tears, jokes and fond memories

# Woordfees bids Brink farewell

MELISSA DA COSTA AND SUZAAN POTGIETER

There was high emotion and plenty of tears at the close of the Woordfees writers' programme, when literary fans gathered to honour the prolific and internationally-renowned South African author, André Brink.

According to SABC News, Woordfees will be the first to bring tribute to Brink and his work.

Brink passed away on 6 February 2015 on a flight from Belgium after receiving an honorary doctorate from the Catholic University of Louvain. He left behind a legacy of numerous plays, over 20 novels, and an autobiography.

"They don't make writers like André any more," said poet Antjie Krog.

"I don't think we still have writers who can speak as many languages as he could. He enriched our lives with his translations."

She then proceeded to read excerpts from his translations.

She described the translation of Ingrid Jonker's poetry, which she did with Brink, as "an entirely different experience".

Brink's daughter, Sonja, frequently stopped while reading excerpts from her father's writing, as she was overcome with emotion.

Karina Magdalena Szczurek, Brink's sixth wife, read intimate letters exchanged between them.

His longtime friend Naas Steenkamp read correspondences between himself and Brink.

"On my most arrogant days I think

On my most arrogant days I think that when I have finished working with prose, its borders should at least be wider than what they were.

that when I have finished working with prose, its borders should at least be wider than what they were," Steenkamp quoted from one of Brink's letters.

The master of ceremonies at the event introduced Brink as a member of the "Six Tigers" instead of the "Ses-tigers", the literary movement of which he was part.

This led to Steenkamp joking that Brink would have "loved" the title, and would probably have changed it to the "Sex Tigers".

Friends and fellow authors of Brink, such as Abraham de Vries, Pieter Fourie and Willemien Brümmer also addressed the audience to celebrate his life and achievements.

Few students attended the tribute, but the Boektent was filled to capacity with many who adored the late writer.

A play of Brink's 1965 novel *Orgie*, with cast members Stian Bam and Tinarie van Wyk-Loots, was performed at this year's Woordfees.

Abraham Phillips described Brink's ability to empathise with the communities he wrote about.

"He made the suffering of others his own. His soul was on each page of his books, like *Die Ambassadeur*, *Orgie*, *Inteendeel*, *'n Droë Wit Seisoen* and most of his other works."

Journalist and author Willemien Brümmer read from his novel *Duiwelskloof* and told the story of how she forgot to turn on her dictaphone when interviewing Brink. Brink then offered to drive back and redo the interview.



PHOTO: Dagbreek Manskushuis

## First Dream Mile for Straatmylfees

LEA-ANN VAN DER MERWE

"Five, four, three, two, one!" The crowd counts down the seconds left of the four minutes given for a dream mile.

And as they reach the final second Johan Cronjé (32) breaks the tape at the finish line. With bated breath he and the spectators wait for his official time. The announcement causes the entire crowd to sigh with relief: 3:59:49. The first ever dream mile in Victoria Street in Stellenbosch.

Cronjé said earlier that the Straatmylfees was a highlight of the year for him, and he really hoped that he could achieve the dream mile this year, after

narrowly missing the opportunity in 2014.

Cronjé told *Die Burger* after the race that it was a spectator on the sidelines who convinced him he could do it.

"I was worried I wouldn't make it, but with 100m left, someone yelled that I could still make it. So I gave it everything."

In the ladies event, Thineke Fourie won with a time of 4:49, bettering her own record by a full 10 seconds.

Prize money of R2000 was on offer for the first athlete to run the dream mile - a prize which will only add to Cronjé's success - and medals were handed to all the participants.

## Saartjie oor haar eerste fees

Dit is alles behalwe maklik om Saartjie Botha, Woordfeesdirekteur, gedurende die feesweek uit te vra oor haar werk. Louis du Preez het vyf minute gehad.

**Wat sou jy wou bydra tot die fees as geld nie 'n kwessie was nie?**

Ek sou baie graag 'n internasionale skrywersteenwoordigheid wou hê.

Dit is belangrik vir lesers om met skrywers interaksie te hê, maar dit is ook belangrik vir skrywers om met mekaar interaksie te hê.

**Hoe voel jy oor die verspreiding van die feeskoerant wat vanjaar vir die eerste keer verskyn het?**

Die koerant moet dikker wees. Ons aanbod is te groot om dit in twaalf bladsye te kommunikeer.



Volgende jaar sal ek definitief probeer om 'n bladsy af te staan aan 'n dagprogram.

En ook miskien 'n bietjie meer humor.

**Hou jy van die koerant se naam? Is daar enige simboliek daaragter?**

Ek hou van *Ink*. Ons wou graag 'n eenlettergreep-woord gehad het, omdat dit skynbaar 'n beter koerant-naam is.

Ek dink 'ink' is iets wat toenemend onder druk is, maar as jy kyk na hoe mense dit hier ondersteun... Dit is nogal vir my bemoedigend.

**Is daar iets van die jaar se fees wat "beter" is as vorige jare en waarop julle trots is?**

Wel, ons kaartjieverkope is beter, maar "beter" is 'n waarde-oordeel so ek wil dit nie regtig sê nie. Ek is baie trots en baie tevrede en baie dankbaar vir 'n baie klein spannetjie wat hierdie wa deur die drif getrek het. Dit is nie 'n grap om 'n fees te reël nie.

**Wat is jou hoogtepunte van hierdie jaar se fees?**

My hoogtepunt was toe ek nou die dag by die Breughel-teater stop

in Cloetesville en daar stap 100 wilmense uit daai teater en ek weet hulle was nog nooit in Cloetesville nie en hulle stap met 'n salige, gelukkige uitdrukking op hulle gesig en hulle lyk nie ontuis nie.

**Gaan julle in die toekoms meer uitbrei na ander gebiede om hulle deel te maak van die feeservaring?**

Ons grootste uitgawe is juis om infrastruktuur ten duurste in te rig en op te sit, so ons samewerking met die Breughel-teater gaan beslis uitbrei en versterk. Soos ons in Cloetesville teenwoordigheid moet hê, moet ons ook in Kayamandi 'n teenwoordigheid hê. 'n Mens moet ook realities wees. Jy moet die groei bestuur in terme van wat finansiële lewensvatbaar is.

**Watter van die kleiner vertonings het jou verras vanjaar?**

Die terugvoer wat ons kry is dat mense baie opgewonde is oor *Adam Twee*, baie opgewonde oor *Orgie* en oor *blou-blou*.

Mense was ook verras en opgewonde oor *Frats* gewees. 'n Baie uiteenlopende tipe gehoor het gesê hulle is opgewonde daarvoor.

# THE ARTS

Best of the best

## LIP's pick of Top Five dramas

The theatre on offer at this year's Wordfees included prestigious names and told impressive tales. It has allowed festival goers to rejoice in the beauty of the Afrikaans language, and walk away satisfied. We take a look at the greatest theatrical hits.

NICOLA JO BRUNS

**5** **Vir Ewig en Altyd**  
This tearjerker had audiences on their feet, applauding Marius Weyers and Sandra Prinsloo on a magnificent combination of talent. A comment heard from the audience was that "they work so beautifully alongside one another. It is as if they are not acting, but rather just being. They are very at peace with one another on stage." It is a very emotional piece that leaves a long lasting presence, well after the applause is over.

**4** **Son. Maan. Sterre.**  
Another of Christaan Olwagen's masterpieces that kept several festival goers on edge, has five chairs and five characters each with their own secret to tell. The minimalist setting and lighting create a unique atmosphere that kept audience members locked in. One festival goer described it as "a fantastic representation of the potential that Afrikaans theatre holds. It is emotionally jarring and leaves one exhausted, but in a beautiful way". The entire audience was enthralled by Wilna Snyman, who undoubtedly stole the show.

**3** **Dogma**  
Erik Holm and Tinarie van Wyk portray as much chemistry off stage as they do on it. It is both charming and a spectacle to take in. The play addresses the

difference between the church of today, and what it was like in the past, through a deteriorating relationship. It shines light on issues of race, disability and fidelity through this relationship, in an attempt to ask and resolve difficult issues surrounding faith.

**2** **Skuldeiser**  
This play is an adaptation of a century-old play by Swedish playwright August Strindberg, and translated by David Greig. It proves that theatre is an age-old medium. "Anna-Mart van der Merwe is a timeless actress, and she braces the stage with such an energetic presence, definitely something I could watch several times," remarked an audience member.

**1** **Die seemeeu**  
Written by Anton Chekov and translated by Saartjie Botha, *Die seemeeu* received remarkably high praise. Audience members felt that the star-studded cast made up of Marius Weyers, Sandra Prinsloo, Deon Lots and Albert Pretorius was brilliantly put together. "A well-crafted performance paired with a beautiful Afrikaans translation. It is lovely to see texts that are more than one hundred years old work so beautifully on the modern Afrikaans stage," said honours drama student Francois Maree.



Erik Holm, *Dogma*.



Wilna Snyman, *Son. Maan. Sterre*.



Anna-Mart van der Merwe, *Skuldeiser*.



The cast of the award-winning drama *Die seemeeu*.

## "It is absurd, you will laugh, and then you will panic"

NICOLA BRUNS

If 95c keeps producing work like ... *van ons vaders*, the future of Afrikaans theatre looks very bright.

André Gerber's Afrikaans stroke of literary brilliance delves into the dynamics of the Afrikaans family and examines the origins and thought processes of this family over a number of years.

Originally created as part of Gerber's master's degree in drama at the University of Stellenbosch, the production is presented by the young dynamic theatre group 95c and made its professional debut at

this year's Wordfees.

Based on much of Gerber's own family life, he says of his play: "Every family has secrets, but we attempt to hide and forget them at the cost of our happiness. My family is wonderful, as they have allowed me to tell these stories, in the hope that other families will be inspired to do the same."

Gerber presents a simple storyline, characters and set, proving that you can go a long way without too elaborate a production. The set is minimalistic; five chairs, five characters and five stories, each of which are told facing the audience.

Seated far left, the audience is introduced to the staunch Afrikaans protag-

onist, Erasmus, (Jaco van Niekerk). Van Niekerk's vocal energy is impressive and his accent is hard and crisp. His portrayal of the traditional Afrikaans patriarchal figure is spot on. Beside him, Hannah, his submissive wife, crocheting and clad in a pink cardigan, is played flawlessly by Licia Pienaar. The chemistry between van Niekerk and Pienaar's characters adds immensely to the tension within the production.

Seated in the middle is their daughter René (Llandi Beeslaar). Beeslaar makes effective use of facial expressions and hand gestures to depict this character as humorous. René's boyfriend, Philip (Stefan Reinmuth), is the only English speaking character. He delivers sharp

and witty commentary throughout. Lizzy Richardson's gentle approach to the character of Lani has audience members sympathetic from the outset.

The interplay between the characters is beautifully engineered by Gerber and enacted by the cast, and the play is incredibly funny in places, thanks in part to Gerber's deft play on emotional balance.

There is also some stinging satire commenting on race and religion that transcends the Afrikaans setting of the play. Speaking to audience members after the play they emphasised how this was done in a tasteful manner, yet got them to consider their own stance on the matters dealt with.

The interplay between the characters is beautifully engineered by Gerber and enacted by the cast

This play presents a fresh departure from much of recent production-heavy Afrikaans theatre which tends to pack in too much emotion and symbolism in a mere 60 minute show. This is not the case in *vaders*.

Sitting next to Gerber, and hearing him laugh away at a production he created and has seen several times is evident that ... *van ons vaders* has not been staged for the last time.

Moulding young minds

# 'We grow tomorrow's theatre audiences today'

NICOLA JO BRUNS

Should children's theatre be used to teach them how to sit still, or to interact and play with the actors? This year's Children's Festival offered both approaches, resulting in a broad theatrical experience for all children.

The excitement surrounding a group of children before a show, occasionally peeking behind the venue curtain out of curiosity remains a spectacle on its own. Add fluorescent lights, music and colourful costumes, and one is bound to bring plenty of smiles to children's faces.

*WAM*, written by Janice Honeyman, aims to teach children that "nothing is impossible through hard work and dedication." Along the way the children are also exposed to the 18th century composer Mozart and the process of music composition.

"By choosing the script we hopefully serve the ideal of educating through entertainment," said director Juanita Swanepoel. "We also create ample opportunity for the children to take part in the production. This is always a very important part of any theatre-in-education production."

This production can be seen as the first step in establishing the importance of theatre etiquette in young minds, as they are expected to remain seated for the duration of the perfor-



André Terblanché and Stephanie Badenhorst during a WAM (Wolfgang Amadeus Mozart) performance.

PHOTO: Nicola Bruns

mance, although they are encouraged to sing along.

Spektrum Theatre's three productions at this year's festival adopt a more interactive approach. The characters Tjiff and Tjaff teach the children about various subjects such as teamwork and the element of surprise. This is done through teaching children dances, songs, and incorporating them in most of the production's dialogue.

Gaerin Hauptfleisch, managing director of Spektrum, says the purpose of this type of performance is that "children must have fun" and to foster

a love for theatre.

While two different approaches were taken, attending both productions provides children with a more thorough theatre experience.

Unfortunately, attendance of the shows was low, and some performances had only 12 children in an audience.

"More schools would get involved and more children would attend if the tickets simply cost less," said one festival-goer. The mother of one of the children added that her daughter would have attended more of the productions, had she known about them

at an earlier stage.

Although marketing is something that can always be worked on, Hauptfleisch adds that the *Woordfees* "treats children's theatre with the seriousness it deserves and does more than any other festival to encourage attendance".

Although children are becoming increasingly technologically savvy, it is clear from the reception of these productions by their young audiences that theatre is still a source of joy and all has not been lost to mobile devices and video games.

## Vir Ewig en Altyd laat die tyd stilstaan

KAYLA ALEXANDER

Twee teater-ikone, Sandra Prinsloo en Marius Weyers, speel na 28 jaar weer saam in die tweemansstuk *Vir Ewig en Altyd*.

Met die intrapslag sien jy die groot horlosie wat in die middel van die teater staan, op twintig voor tien.

Pam, vertolk deur Prinsloo, word gediagnoseer met 'n terminale siekte. Haar behandeling word gestaak. Daar is geen kuur vir haar nie. Haar man Danie, vertolk deur Weyers, moedig haar aan om aan te hou veg, maar Pam wil nie meer nie. Sy kry pille wat haar kan verlos van die pyn wat sy daaglik moet verduur.

Die toneel begin met verhale vol nostalgie oor van Pam en Danie se jong dae toe hul net begin uitgaan het en later pasgetroud was. Hulle intiemste stories word gedeel.

Die produksie spring deurentyd tussen die hede en gebeure uit die verlede wat die twee karakters gebring het tot waar hulle vandag is.

Tyd staan stil op die horlosie. Dit is steeds twintig voor tien.

Die gehoor voel of hulle saam met die akteurs vasgevang is in tyd.

Die spel is puik. Prinsloo en Weyers

leef hulle in in die karakters, en skep met hul toneelspel 'n gevoel van eenzaamheid, moedeloosheid, maar tog steeds hoop.


Die karakters baklei teen die ewigheid wat hul moontlik moet betree asook die ewigheid van eenzaamheid sonder mekaar. Die omstandighede van die karakters is iets waarmee enigiemand kan vereenselwig, wat die produksie des te meer treffend maak.

'n Besonder effektiewe toneel is dié waar Danie belowe om Pam alleen te los om te 'slaap'. Hy raak aan die slaap, maar soos die oggendlik hom tref skrik hy wakker en hoor hoe Pam hom roep. Moedeloos, lê sy in Danie se arms, terwyl hulle saam huil.

Saggies hoor jy die gehoor snik en hul trane afvee. In die agtergrond hoor jy die klank van 'n horlosie wat tik, maar die tyd op die horlosie staan steeds stil.

Die tempo van die produksie is uitstekend. Die energie van die akteurs pas goed aan by die verskillende omstandighede wat hulle uitbeeld. Die opbou voor 'n klimaks is doeltreffend. Dit het die gehoor roerloos gelaat.

Die produksie kan opgesom word in drie woorde: passievol, emosioneel en treffend.



Sandra Prinsloo en Marius Weyers

## Boeing stort neer

KAYLA ALEXANDER

Soos jy by *Boeing Boeing* se vertoning instap, verwelkom hulle jou met die soet klanke van die bekende sangeres uit die sestigerjare Doris Day se "Pillow Talk" terwyl jy jouself verkyk aan die helder kleurryke sitkamer waarin die toneel afspeel.

Die mooi manne van die *Laan*, Theodore Jantjies, Hennie Jacobs, Heino Schmit, Werner Coetser en Kaz Macfadden, asook Lindie Stander, speel in hierdie produksie. Henry Mylne behartig die regie.

Soos die produksie begin, word jy gegroet deur die twee paar oulike boudjies van Barnardo, die aantrekklike Fransman, en Cecil, die sterk boerseun. Mooi was nog nooit lelik nie, en die vroue in die teater het dit sommer mooi duidelik gemaak.

Mooi was nog nooit lelik nie. Die toneelstuk is gelaai met falliese simbole, stoute kommentaar en kaal lywe.

Bernardo het drie kereels – al drie vlugkelters. Hy wil nie hê hulle moet van mekaar weet nie en hou hulle uitmekaar deur hul vluggrooster deeglik te bestudeer.

Cecil, die Suid-Afrikaanse vlugkelder, is eerste aan beurt.

Volgende kom Gabrielle, die Italiaanse *stud*, en daarna volg die lang Duitse man, Hermaans. Jy weet wat mos wat hulle oor lang mans sê...

Robert, Bernardo se beste vriend, probeer die verhoudings geheim hou, maar dan daag al drie mans op een slag in Bernardo se huis op. Die bediende, Maureen, raak deurmekaar van al die geheime wat sy moet hou en trek die whiskeybottel nader.

Die toneelstuk is gelaai met falliese simbole, stoute kommentaar en kaal lywe. Die gehoor het die kombinasie van die drie elemente geniet. Slim teksverwerking van Hugo Taljaard het vir vermaaklike one liners gesorg soos "Hy steek al sy vriende... weg" en "koffie-moffies".

Die produksie kon meer snaaks gewees het, maar weens slegte komiese tydsberekening het dit gevoel of die akteurs se volle aandag nie altyd by die verhoog was nie.

Die akteurs speel ook in verskillende aksente, maar soms slaan hul gewone praatstemme deur.

Lindie Stander het ná 'n glipsie op die verhoog begin lag. Gelukkig het die gehoor saam gelag, maar dit het 'n demper op die produksie se tempo geplaas. By tye het die akteurs oor hul woorde gestruikel en hoorbaarheid was 'n probleem. Diegene wat wel kon hoor wat die akteurs sê, het lekker gelag.

Klein tegniese foutjies, soos die foon wat steeds lui ná die spreker reeds alreeds "hallo" gesê het, het ingeglip, en by tye het die komedie geforseerd voorgekom.


Die tegniese glipsies maak dat hierdie meer 'n produksie is vir mense wat soek na komedie as diegene wat fyn kyk vir die detail in teaterwerk.

# THE VERY BEST OF WOORDFEES

## Insta-Epics



Ek hou van die Woordfees, maar haat ander feeste, want dis gewoonlik half gebakte goed in k\*k venues.  
 – Nataniël



## Who said what



**@helenayp**  
 "Writing is like giving birth to a pineapple" stem @HermLategan saam, hy swoeg en sweet weekliks met sy rubriek #Woordfees2015



**@Jacques\_BG**  
 Die ouer gardes trek ingetalle saam by die Koos Kombuis show. Is daar *pensioner*-afslag? Verwag 'n krimpie-mosh pit! @LipKoerant2015



**@adriaanhlouw**  
 My grootste straf is om te moet swot terwyl die dorp wemel van die #Woordfees aktiwiteite.



**@ZeldalaGrangeSA**  
 "@LIPkoerant2015: "Boektent bars uit sy nate.." @A3thiart: <http://bit.ly/1HuJU5Q> #LIP2015 #Woordfees2015" dit was oor @pietroucamp

## Photo Album

Photos: Leo Angelucci, Mikail Baker, Simon Sonnekus, Lea-Ann van der Merwe, Melissa da Costa





New public artwork in town, Reflections, replaces 'Kom Sit' exhibition

# Fine art displayed on the street

Reflections is thought-provoking and multi-layered

MARCELLE VAN NIEKERK

Stellenbosch's fourth public art exhibition is currently popping up around town.

The collection of 22 artworks, called *Reflections*, replaces the *Kom Sit* exhibition, a series of 24 benches decorated with sculptures.

Highlights of the new exhibition include 40 bronze disks by Guy du Toit, which will be placed throughout town forming a 'treasure hunt' of art, and Herman van Nazareth's sculpture of a man sitting in a shallow pool next to the Stellenbosch library.

Van Nazareth, whose work is exhibited during the Woordfees at the Sasol Art Museum, is one of the newcomers to this annual outdoor art exhibition, along with Lyndi Sales.

Jaco Sieberhagen, Strijdom van der Merwe and Marieke Prinsloo-Rowe, whose work featured in *Kom Sit*, are also back with new works for *Reflections*.

Prinsloo-Rowe's work for *Reflections* will show a life-sized Afrikaner woman in a conservative dress made from reflective material. Van der Merwe's new work will be entitled

*Landskap van Lyne*, showing a piece of a map made from rusted as well as smooth steel.

Most of the artwork from the *Kom Sit* exhibition was sold at an auction on March 6. Prinsloo-Rowe's *Kom Sit* sculpture, *You can sit under my umbrella*, was considered to be very popular, but did not sell during the auction because it failed to reach the reserve price of R130 000.

In comparing the two exhibitions, Andi Norton, project manager of the Stellenbosch Outdoor Sculpture Trust, said that *Reflections* would focus more on the quality of the artwork.

"*Reflections* is thought-provoking and multi-layered. The responsibility we have from the trust's perspective is to keep the quality of the artwork at a level where we are still being true to our mission of bringing fine art to Stellenbosch."

Dirkie Offringa, curator for the SOST, said that *Kom Sit* was well received by the town.

"There have been three previous exhibitions, but this was the one that received the most commentary. It was accessible and functional, and everyone could enjoy it."

She agreed that *Reflections* will differ from *Kom Sit*.

"It is more aesthetic," she said, and explained that most artists interpreted the theme figuratively. "We thought the artists would use a bit of bling, but most didn't. Most of them address some social or personal issue."

## STELLENBOSCH PUBLIC ART – A CHECQUERED PAST

\* In 2012, during the exhibition 20Stellenbosch, a work by Dylan Lewis called *Male Trans-figure II* ignited the fury of the Shofar Christian Church, which thought the work 'demonic'. The church began a petition to have

the work removed – which was promptly countered by a petition from other residents to keep the artwork in town.

\* Vandals ran amok during the same exhibition. A soil sculpture by Angus Taylor was destroyed, and most of

Sue Pam-Grant's work, *Swimmer No. 5* was stolen, leaving only the sculpture's feet standing.

\* During the auction of the *Kom Sit* artwork, Stephen Rautenbach's *Sit and be part of nature's family* fetched the highest price of R110 000.



Anton Smit's new work featured in *Reflections*, depicting a stone circle of women.

PHOTO: Marcelle van Niekerk

## Gallery Overview



**US Museum:** Belgian-born painter and sculptor, Herman van Nazareth, displays a vast body of work with strong African influences and natural earthy qualities. His adoption of African artistic culture proves you don't have to be born locally to be a South African at heart.



**Stellenbosch Kunstgalerie:** The romantic landscape of Roeland Roussouw displays the beauty of South Africa, in a somewhat cheesy manner, amidst a number of other contemporary artists. This exhibition appeals to an older audience, displaying a number of more traditional paintings in a small, comfortable setting.



**Johan Coetzee Kunstgalerie:** This gallery presents an extensive variety of work, from photorealistic landscapes to vibrant, stylised figures and polka-dotted ceramics. If you cannot afford to buy actual art, you could purchase a creatively designed postcard as a souvenir.



**Lilly Friedlaender Gallery:** The pieces displayed in this gallery are a collaboration by six designers and push jewellery design to the limits. They use silver, plastic, gold and other unexpected mediums to create quirky items that surprise, such as a necklace saying "fokof".



**Red Teapot Gallery:** The Red Teapot is an explosion of colour. Seriously. It looks like Portchie planted explosives in his paint box. That being said, it gets a lot of attention and is a definite crowd-pleaser. It not only displays paintings, but a number of decorative items, including ceramics and throw pillows. All very colourful, of course.



**SMAC:** Colbert Mashile combines contemporary styles with traditional African mythology to create surreal and poignant images. Not only does his work provoke thought, but it resists becoming overly refined and pretentious. His use of colour is also complemented by SMAC's wooden floors.



**GUS:** Staff of Stellenbosch University visual arts department showcased their work in a broad range of mediums in the exhibition *Graven*. Each staff member has such a distinctive style that there was no way to get bored while strolling through the gallery, a former church, which is almost a work of art in itself.



**D-Street Gallery:** The lyrics of songs by local musician Valiant Swart were interpreted by an ensemble of local artists and converted into visual art in the exhibition *Toorwoorde* Roep My. The exhibition showcased a variety of artistic styles, and some interesting interpretations of Swart's lyrics.



**PJ Olivier Art Centre:** The large art centre offered a broad artistic experience, displaying solo exhibitions by Alex Hamilton, Cobus Van Bosch, Sandra Hanekom, Olaf Bisschof and Tony Mac. Some exhibitions were more exciting than others, but the experience as a whole was well worth the trouble of dodging all the high school art students in the building.



Kaos Kombuis, Basson Laubscher, Spoegwolf en Hirman Koopman



FOTO'S: Simon Sonnekus en Leonardo Angelucci

# Musiek gedy by die Woordfees

## MUSIEKREDAKSIE

Woordfeesgangers het vanjaar 'n keuse van 75 musiekvertonings gehad wat wissel van klassiek tot kontemporêr, met ou bekendes, internasionale sterre en 'n paar rockers.

Shows wat op ouer gehore gemik was het oor die algemeen beter verkoop as dié wat op studente gemik was. Twaalf vertonings was al voor die

aanvang van die fees uitverkoop, onder meer Nataniël, Mango Groove en Theuns Jordaan.

Beide vertonings van die Afrikaanse rocker Karen Zoid, Freshlyground-voorsanger Zolani Mahola en Kaapstad se eie *prima donna*, Zanne Stapelberg, as driestuk by die Spier Amfiteater het uitverkoop, en baie gunstige reaksie ontlok.

Die Heuwels Fantasties het saam

met die Paul Roos Gimnasium-koor en die Musica Perpetua-orkes opgetree, en die koor oordonder met hulle instrumente.

In skrilke kontras met verlede jaar, het die Sanlam Musiekfees vanjaar verbasend min aftrek gekry, behalwe die vertoning van die pop-folk sensasie Matthew Mole gisteraand, wat uitverkoop het.

Ou legendes uit die Afrikaanse

musiekbedryf het saamgekom vir die 16 Onse-vertoning wat spesiaal vir die 16de Woordfees vervaardig is.

Onder die ou hande wat opgetree het is Danie Niehaus, Amanda Strydom, Jannie Moolman, Stef Bos en Richard van der Westhuizen.

Konserte by De Vette Mossel, op die hoek van Ryneveld- en Victoriastraat het gemengde sukses gehad. Kaos Kombuis en Francois van Coke

het heelwat mense gelok, en die blues shows in die aand het ook groot aftrek gekry.

Die gewildste aand was egter sonder twyfel die Optop Opskop Wynfees. Vir slegs R30 kon studente verskillende plase se wyn proe en by De Vette Mossel op die tafels dans saam met onder meer Van Coke Kartel, Al Baire, Nomadic Orchestra en Spoegwolf.

## Waar is al die dansende voete?

### MIRANDI NEL EN LOUIS DU PREEZ

Foto na Dans en Klopjag het Donderdag hulle instrumente afgestof vir 'n opelug piekniek-konsert by Neethlingshof-wynlandgoed.

Daar was groot opwinding oor hierdie vertoning – 'n Klopjag-show is 'n skaars ding in die Wes-Kaap, en Foto Na Dans het drie jaar laas opgetree. Tog was die bywoning besonder teurstellend.

Pieter van Helstand, 'n organiseerder van die US Woordfees, sê slegs 187 mense het vooraf kaartjies gekoop en die verkope by die hek het nie veel beter gelyk nie. Die venue was nie eens half vol nie.

Verrigtinge het 'n halfuur laat afgeskop, oënskynlik omdat die organiseerders gewag het vir nog mense om op te daag.

“Waar is al die studente?” wou

Marius Naudé (24), 'n honneursstudent aan die US weet.

Saartjie Botha, die Woordfees se feesdirekteur, sê dit wil voorkom of Donderdagaande nie 'n goeie studente-aand is nie – daar was net so min mense by die blues-aand by De Vette Mossel.

“In Foto na Dans en Klopjag se geval is dit miskien omdat die huidige studente dalk vyf jaar te jonk en nie hul teikenmark is nie.”

Volgens Frieda Le Roux, bemakings- en publisiteitsbestuurder van die US Woordfees, is dit nie moontlik om op grond van elektroniese verkope te bepaal hoeveel kaartjies verkoop is nie, aangesien “buitelugkonserte tradisioneel baie kaartjies by die hekke verkoop.

“Neethlingshof se verkope was, volgens alle aanduidings, baie goed.”

Die min voete het nie so baie gepla nie. John-Henry Opperman, die hoof-

sanger van Klopjag, sê dit maak nie saak nie. “Ek gee nie om of daar 500 of 5000 mense is nie, solank dié wat daar is dit geniet.”

Klopjag het 'n gemaklike saamsing-atmosfeer geskep en tussendeur staaltjies vertel. Opperman het aan die gehoor gevra wie van klein dorpie afkomstig is en het spesifiek uitgevra na mense van Gobabis.

Hy het lekker gelag toe slegs een persoon hul hand opsteek en geskerts “lyk my die hele Gobabis is vanaand hier”. Hulle het die gehoor in vervoring gehad met saamsingtreffers soos “Vervang” en “Musiek vir die Agtergrond”, en het afgesluit met hul ikoniese liedjie *24 Uur*.

Foto Na Dans se reünie-vertoning was veronderstel om 'n hoogtepunt te wees aangesien die groep in 2006 in Stellenbosch gevorm is. Swak voorbereiding het hulle egter in die steek gelaat.



Le-Roi Nel van Foto Na Dans

Foto: Kayla Alexander

Die vertoning is met meer as 10 minute vertraag. Hulle het 'n *sound-check* gedoen terwyl die gehoor wag en herhaaldelik deur die loop van die vertoning die klankman aangespreek – kwansuis oor tegniese probleme.

“Ek is nie regtig die grootste fan van Foto Na Dans nie, maar vanaand wou ek hulle 'n kans gee,” het Niki Ferreira

(21) van Kaapstad gesê.

“Dis jammer dat hulle nou die atmosfeer wat Klopjag gestel het, belemmer.”

'n Paar kanniedood-aanhangers het nietemin voor by die verhoog gaan dans en saamgesing op veral *Hou jou hande bymekaar* en *Vergeet van my*.

## US-koor vertolk eksperimentele nuwe werke met deernis

### HANNES KRUGER

Die Stellenbosch Universiteitskoor (USK) is nie sommer net 'n koor nie. Waar die koor gewoonlik hulle eerste uitvoering in Mei het, het hulle vanjaar al vroeg Maart hulle eerste uitvoering gehad. Die hele koor, sowat 100 lede, het slegs vier weke gehad om hulle repertorium voor te berei.

Daar was nie 'n stukkie bladmusiek op die verhoog nie. Alles is van geheue uitgevoer.

Wat die USK so uniek maak, is dat hulle nie net 'n koortjie is wat mooi in rytjies staan en soos orrelpypies ingeryg is nie. Elke koorlid staan vas, gee 'n behoorlike uitvoering en sing met passie en deeglike begrip vir die genre wat hulle sing.

Die program is puik saamgestel met eksperimentele werke wat komplekse harmonieë bevat en wat die koor met deernis en noukeurigheid



Die Stellenbosch Universiteitskoor

uitgevoer het.

André van der Merwe, die dirigent, het ongelooflik goeie beheer oor die koor. Wedersydse vertroue tussen hom en die koor is duidelik sigbaar, wat die

fyn beplanning van elke inval en dinamiese variasie soveel meer suksesvol maak.

Hulle het vir die eerste keer drie werke van die komponis Jake Runestad

by vanjaar se Woordfees gesing en dit was opwindend om na te luister.

Die eerste werk, *We can mend the sky*, is 'n toonsetting van die verhaal van 'n 14-jarige meisie, Warda Mo-

hamed, wat saam met haar familie na die VSA moes vlug om die burgeroorlog in Somalië te ontsnap.

Die koor se oortuigende uitbeelding van die geweld, hongersnood, liefde en lyding van Warda se tog sleur jou mee en laat jou elke gewaarwording persoonlik ervaar.

Runestad se ander twee werke was sy toonsetting van Psalm 121 en Alleluia.

Die koor was gedurende die hele uitvoering gefokus ten spyte daarvan dat dit vreesaanjaend kan wees om só 'n repertorium in vier weke te leer én te memoriseer.

Die intonasie was meestal perfek en die diep, ryk en warm klankproduksie het reg laat geskied aan die Endler se goeie akoestiek.

Die koor het nie mooi gesing nie. Hulle het goed gesing. Baie kore kan iets mooi laat klink, maar of dit goed is, is 'n ander saak.



FOTO: Edo Photography

# Juggernaut of the three divas

SIVIWE FEKETHA

You can hear a pin drop in the darkened Spier Amphitheatre, where the crowd's eyes are fixed eagerly on the stage.

Then Afrikaans pop rock queen Karen Zoid emerges with her guitar. She touches one string, and the crowd erupts into deafening screams. But Zoid and her band drown the roar with a rendition of Afrikaans singer Valiant Swart's song "Sonvanger".

Then Freshlyground lead vocalist Zolani Mahola steps onto the stage and adds her signature velvety, crystal-clear voice to the harmonies.

After a short while, the two singers are joined on stage by Cape Town Opera Studio's soprano Zanne Stapelberg.

What follows is an epic performance by the three singers, whose much awaited act was listed at the top of the Woordfees line-up, not only because of their prominence but also because of the diversity of their genres.

Zoid's commanding stage presence and Mahola's small but energetic stature, complemented by Stapelberg's roof-ripping soprano, kept the crowd grooving.

The night was characterised by a well-transitioned mixture of the artists' records and favourite renditions, which sparked a jovial mood in the otherwise orderly audience that filled the venue to capacity.

Only a very critical ear could pick up Stapelberg's limitations in blending in with the two other singers, who continue to find themselves sharing stages because of their brilliant collaborations. More rehearsal and planning could have yielded an even better performance.

Zoid and Mahola have become a firm favourite with local audiences, having performed jointly on several occasions, including the Klein Karoo National Arts Festival.

Stapelberg's role, however, was more of an experiment, which would have been less impressive were it not for the brilliant solo performance she launched into between songs.

Combining opera, Afrikaans rock, English and Afro pop music on one stage for a joint performance of their musical works and renditions is an artistic challenge that only the finest of talents could master.

The three performers did nothing less than that.



Karen Zoid, Zolani Mahola and Zanne Stapelberg

PHOTO: Nardus Engelbrecht

## Unieke tribute show vir Valiant Swart

HEIKE WERTH

Aanhangers van die gewilde Stellenbosse rocker Valiant Swart het op 6 Maart 'n voorskyn van sy nuwe album gekry by die opening van 'n kunsuitstalling oor sy lirieke.

*Toorwoorde roep my* is die naam van beide die uitstalling wat tydens die Woordfees by die D-Street-galery te sien is, en die bundel van Swart se lirieke waarop die kunswerke gegrond is.

Daar is kunswerke te sien deur 11 kunstenaars, onder wie Ingrid Winterbach, Vernon Swart, Peter van Strater, wat almal deur kurator van die uitstalling, Elizabeth Miller-Vermeulen, genader is om die lirieke visueel uit te beeld.

Swart het sy akoestiese kitaar saamgebring en by die opening twee nuwe liedjies van sy opkomende album, *Nagrit*, gesing. Hy sê die album kan hopelik teen die tweede helfde van 2015 verwag word.

Swart was baie beïndruk met die *paintings* waarmee uitgesoekte skilders vorendag gekom het. "Ek gaan Saterdagmiddag die lotto speel en as ek wen koop ek vir my een."

"Dit is vir my 'n enorme eer dat

hulle met my woorde werk om prentjies te maak, sjoe! Dit spreek vir my duidelik wat die lirieke sê."

Dot Vermeulen het die lirieke van *Hawelose lewe* geneem en omskep in 'n skildery van 'n meisie wat op haar maag lê en lees, met 'n sigaret in haar hand by die Vrouemonument. Volgens Vermeulen sentreer Swart se musiek dikwels rondom 'n vroue-karakter en sy wou graag, nes Swart se musiek die "boheemse en alternatiewe kant van die Afrikanerkultuur" uitbeeld.

Digter en resesent, Danie Marais, het gaste by die uitstalling verwelkom. Marais beskryf homself as "n moerse Valiant fan. Sy lirieke is soos skrapnel, dit bly in my kop agter".



Valiant Swart

FOTO: Fredalette Uys

Dit is duidelik uit die uitstalling dat dit nie net in my kop is waarin Valiant se lirieke soos skrapnel vassteek nie

"Die uitstalling is soos 'n *tribute show*. Dit is 'n plek waar daar op 'n unieke manier hulde gebring word aan Swart se bydrae tot die musiekbedryf. Dit is duidelik uit die uitstalling dat dit nie net in my kop is waarin Valiant se lirieke soos skrapnel vassteek nie."

Daar word egter nie net skilderye uitgestal nie. Beeldhouer, Jaco Sieberhagen, het die lirieke van *Jakarandastrate* omskep in 'n staalwerk met die naam *Vreugde*. *Vreugde* is die figuur van 'n meisie wat spring. Die figuur word opgemaak deur inheemse blomme.

Volgens Sieberhagen beeld die blomme "die besef dat dit wat tuis is en jy reeds het, die elemente is wat nodig is om jou geluk te bou".

Swart wou nie sy gunsteling kunswerk kies nie: "Dit is soos om tussen jou kinders te kies, onmoontlik!"

Terwyl *Lip* met Swart gepraat het, het sy dogtertjie aan sy mou kom pluk en gesê: "Pappa, pappa ek het 'n liedjie opgemaak!" Wie weet, dalk word daar eendag kunswerke oor nóg 'n Swart se lirieke gemaak.

### KUNSTENAARS WAT UITGESTAL HET:

- Strijdom van der Merwe
- Shany van den Berg
- Ingrid Winterbach
- Cobus van Bosch
- Karlien de Villiers
- Clare Menck
- Vernon Swart
- Jaco Sieberhagen
- Peter van Straten
- Dot Vermeulen
- Anton Smit

## Amanda vat vlam

KAYLA ALEXANDER

"Daar is iets spesiaal aan die stuk, om dit nou te doen, noudat hy nie hier is nie."

Só sê Amanda Strydom ná haar vertoning, 'n *Vuur gevang in glas*, wat die bekroonde skrywer Hennie Aucamp vir haar geskryf het. Aucamp is in Maart verlede jaar oorlede.

Strydom, ikoniese sangeres en aktrise, sê 'n *Vuur gevang in glas* is 'n literêre kabaret wat handel oor die liefde en eensaamheid van verskillende vroue oor 'n breë spektrum van die lewe.

Sy dra hierdie produksie op aan Aucamp, wat ook oor die jare haar mentor was.

Aucamp het hierdie produksie reeds in 1985 vir Strydom geskryf. Dit het egter eers sy debuut in 1997 by die KKNK gemaak. In 2013 was 'n *Vuur gevang in glas* die eerste kabaret wat regstreeks op die radio uitgesaai is.

Oor die jare is daar geskuur en geskaaf aan die produksie, tot waar dit hier by die 16de Woordfees weer sy verskyning maak.

Die teater is gepak met mense. Die ligte verdoof. Strydom skop af met 'n lied oor die eensaamheid van die nag. Dit gee die toon aan vir die res van die produksie. Van die eerste oomblik wat die gehoor Strydom se stem hoor, hang hulle aan haar lippe.

Strydom (58) vertolk haar verskeie rolle puik: van 'n jong meisie wie se hart gebreek is, tot 'n 68-jarige prostituut.

Die musiek, met Janine Neethling as pianis, is uitstekend gekomponeer en dra by tot die vermaaklikheids-waarde. By tye voel jy saam met die karakters hartseer, en ander tye skaterlag jy vir hul mannewales.

Die produksie sal selfs die kabaret-kenners in Frankryk laat regop sit.

Na afloop van die produksie vra *Lip* vir Amanda wat haar ervaring van Woordfees hierdie jaar is: "Die atmosfeer in die strate is wonderlik. Elke fees het sy eie karakter, en Woordfees is waar kwaliteit bo kwantiteit seëvier."

Amanda is ver van aftree. Haar passie vir musiek en teater hou haar aan die gang. "Ek sal net ophou as ek my kop neersit."



Amanda Strydom

FOTO: Nardus Engelbrecht



Kunswerk deur Jaco Sieberhagen

# CATCHUP WITH

Binnelanders-ster pak sy vol lewe aan met 'n glimlag en grappies

## Geen keer aan Erik Holm nie



TUSSENDEUR *DOGMA*, *BLOU-BLOU* EN *BINNELANDERS* HET ERIK HOLM 'N TYDJIE AFGESTAAN OM MET HEIKE WERTH TE GESELS. GROOT AVONTURE WAG EN HY IS GESEËND MET ONGELOOFLIKE GELEENTHEDE. SY GELIEFDE, TINARIE VAN WYK-LOOTS, IS HEEL-PAD AAN SY SY.

**E**rik Holm is vriendelik, vrolik en vol lewenslus. En hy maak grappies.

Ons sit skaars op die stoep by die gastehuis waar hy tuisgaan of hy terg dat my kamera en selfoon gaan ontplof in die warm Stellenbosch-son.

Tevrede. Erik Holm is tevrede. Hy is nie iemand wat 'n moordkuil van sy hart maak nie. Hy vertel vir jou hoe hy voel. Ook hoe hy voel oor sy "bokkie", Tinarie van Wyk-Loots.

Die twee is ál te liefies met mekaar. Van Wyk-Loots het pas wegneem-*sushi* (vegetaries vir haar) gebring vir middagete saam met Holm. Sy kom groet hom eers asof sy hom jare laas gesien het en sê sy is baie jammer sy was so lank weg.

Dié twee is nie net verlief op mekaar nie, maar ook op die lewe en die geleentheid wat dit hulle bied.

Erik Holm is saggeaard en 'n gróótgesels. Jy moet mooi mik om jou vrae te vra tussen sy stories deur.

Holm is in 2007 in 'n duikongeluk verlam. Hy het saam met mede-akteurs van die flik *Fiela se Kind* bal gespeel toe die bal in die water beland. Hy het agterna geduik, maar die diepte van die mensgemaakte dam onderskat. Sedertdien is hy 'n kwadrupleeg en vasgekluiser aan sy rolstoel.

Nie dat dit hom enigsins terughou nie.

"Ek het nie gedink ek gaan ooit weer televisie kan doen nie, toe het ek nie gedink dat ek teater gaan doen nie, en ek het *verseker* nie gedink dat ek met twee *shows* sal kan rondtoer nie. Dit is mall!"

Die twee opvoerings waarna Holm verwys was beide by vanjaar se US Woordfees te sien. In *Dogma*, waar Christiaan Olwagen die regie behartig, speel Holm 'n karakter wat aan veelvuldige sklerose ly.

*Dogma* is 'n kontroversiële stuk wat veral kerkgangers krities laat nadink oor hulle motiewe met betrekking tot

kerk toe gaan.

"*Dogma* spreek die hele geloofsmasjien aan. Ek is verbaas dat daar so min mense uitgestap het. Ek het eintlik verwag dat daar mense gaan uitstroom."

Dit is op die stel van *Dogma*, waar Holm en Van Wyk-Loots, se liefde begin blom het. Alhoewel hulle mekaar al voor die produksie ontmoet het, is dit hier waar hulle mekaar werklik ontdek het.

Beide Holm, sowel as Van Wyk-Loots, beskryf dit as "wonderlik" om saam met mekaar te werk. Selfs al sou mens dink dit is moeilik om 'n liefdes- en werksverhouding gelyktydig te maak werk.

Holm bly in Johannesburg en Van Wyk-Loots in Kaapstad. Holm beskou dit as baie positief dat hy saam met sy geliefde Van Wyk-Loots kan werk en dan in die aande langs haar aan die slaap kan raak.

“Ons doen die langafstand-ding, maar ons prober die afstand so kort as moontlik maak. Die feit dat ons saam kan werk, help dat ons geseën is met baie tyd saam.”

Behalwe vir *Dogma* is Holm ook te sien in 'n eenman-produksie, *blou-blou*. Holm het hierdie stuk, wat op sy eie ervarings gebaseer is, geskryf saam met Jan Groenewald.

Dit was klaar vir hom "angswekend en senutergend" om terug te keer na die teater. 'n Produksie oor homself is selfs méér uitdagend.

In retrospek kan hy nou terugkyk

na die ongeluk en besef hoe baie dit vir hom beteken het. Tog meen hy ook dit was nie aanvanklik vir hom maklik om dit te verstaan nie.

"Op die stadium wat so iets gebeur, dink jy nie dit het met jou gebeur sodat jy 'n les kan leer of mense kan inspireer nie. Dit is net iets wat gebeur."

Sy suster, Nike, het in die tyd na die ongeluk 'n onmisbare rol in sy lewe gespeel. Sy bly egter nou op Stellenbosch, so dit is nie meer vir die twee so maklik om mekaar gereeld te sien nie.

"My en Nike se verhouding is fantasties. Die feit dat ek so besig is, help dat die verlange na haar nie so erg is nie."

**Die lewe is 'n avontuur:**

Holm is besig. Besig op die stel van *Binnelanders*, besig met *Dogma* en *blou-blou*, besig om heen en weer tussen Johannesburg en die Kaap te pendel en besig met 'n nuwe avontuur saam met die parapleeg-musikant Matthys Roets.

Holm en Roets gaan verskeie avonture in hulle rolstoel aandurf vir 'n avontuurprogram wat op kykNET uitgesaai sal word. Valskermspring, 4x4-roetes en *bungee* wag vir Holm later in die jaar.

Nuuskykers mis Holm op die kassie as nuusleser. Holm sê hy het sy tyd as nuusleser baie geniet.

"Dit was vir my 'n wonderlike ervaring, maar dit is moeilik om met soveel slegte nuus te doen te hê.

"Nuus is net té hard vir my."

Op 'n vraag oor sy besige skedule roep hy dadelik vir Van Wyk-Loots nader en vra haar hoe besig sy is

Ná ons klaar gesels het, bedank Van Wyk-Loots my dat ek met haar "mooi man" gesels het.

Geïnspireerd. Dit is hoe mens voel na 'n gesprek met Holm. Geïnspireerd deur die positiewe wat hy uitstraal, Holm en Van Wyk-Loots se glimlagte, hulle vriendelikheid en uiteindelik hulle liefde vir mekaar.



Erik Holm word vinnig 'n voorste naam in die Suid-Afrikaanse kunste

FOTO: Annemarie Burger



Erik Holm en Tinarie Van Wyk-Loots gesels in die Erfurthuis.

FOTO: Heike Werth

## HET JY DALK VIR ERIK HOLM HIERIN GESIEN?

> TV/FILMS  
BINNELANDERS, 7DE LAAN, LIEFLING  
DIE MOVIE

> KORTFILMS  
DIE LANG KAT

> TEATER  
FIELA SE KIND, DOGMA, BLOU-BLOU

> MEDE-SKRYWER EN REGIE  
PRETVILLE, LIEFLING DIE MOVIE

> NUUS  
SABC-NUUSLESER

## ROELOF TEMMINGH: SOET EN STATIG

## Die lewe in swart-en-wit



DIE JONG STELLENBOSSE PIANIS ROELOF TEMMINGH KAN NIE ANDERS AS OM 'N LOOPBAAN IN MUSIEK TE VOLG NIE. **FREDALETTE UYS** HET MEER GAAN UITVIND.



Hy spreid sy hande op die tafel uit asof hy 'n akkoord op die klavier druk waar hy oor 'n koppie koffie sit en gesels in die Stellenbosch Botaniese Tuin. Weg van die verhoog verruil hy sy kenmerkende strikdas en swaelstertpak vir 'n gewone wit oopknoophemp en modieuse denim-kortbroek.

Roelof Temmingh is skaars 18 jaar oud, maar sy klavierspel maak tans opslae in die Suid-Afrikaanse musiekwêreld. Hy spog al met 'n hele paar toekennings en is besig om, net soos sy ma, die geliefde orrelis Zorada, 'n plek in sy aanhangers se harte oop te speel.

Hy is baie opgewonde oor sy nominasie vir beste opkomende ster in vanjaar se Fiëstas, waarvoor hy spesiaal 'n nuwe strikdas en swaelstertpak aangeskaf het.

“Dis soos die SA Oscars,” sê hy entoesiasies. Hy dink egter nie hy is op meriete benoem nie.

“Dis die *cutesy* faktor, soos 'n 10-jarige meisie by 'n kompetisie vir ouer mense, maar dit is steeds 'n groot eer om benoem te word.”

Sou hy ooit die gebruiklike strikdas en swaelstertpak-verhoogdrag verruil vir iets

meer eie aan sy persoonlikheid?

“My ma het my geleer om die gehoor te respekteer, en dis belangrik om hulle tevrede te stel. Hoe jy aantrek vir 'n *performance* is wat jy dink van die gehoor.”

Hy vertel laggend dat dit hom langer vat om sy strikdas te vou voor 'n vertoning as om sy hande op te warm.

Sy gesig helder op as hy oor sy orkesvertonings begin praat. “Dit is lekker om die musiek met iemand te deel. Ek hou nie daarvan om alleen op te tree nie; dit maak my senuweeagtig.”

Hy en sy ma tree gereeld saam op, en dis vir hom verbasend hoe hulle dieselfde oor 'n stuk dink. Sy ma het hom begin onderrig op 12-jarige ouderdom, en die twee het steeds 'n goeie verhouding, en sy word nog gedurig aan sy byvertonings gevind.

### 'NATURE VS. NURTURE'

Roelof is gebore en getoë op Stellenbosch en is een van 'n tweeling. Hy is vernoem na sy pa, die bekende komponis, pianis en orrelis Roelof Temmingh, wat in 2012 oorlede is. Sy suster, Zorada, is tans 'n eerstejaar regstudent by die Universiteit Stellenbosch.

“Ek is maar 'n produk van *nature vs nurture*,” sê hy oor sy musikale agtergrond. Hy verlaat sy geboortedorp in September om sy klavierstudies by die Royal Academy of Music in Londen voort te sit.

Sy toekomstige is nog nie vasgemessel

nie, en hy het baie drome.

“Ek sal graag 'n pianis wil word, of 'n dirigent of selfs iets in die film-musiekbedryf wil volg.

“Klavierspel is vir my lekker, maar ek speel ook bietjie viool, ek dink ek wou 'n violis word toe ek klein was, maar ek is nog slegter met viool as klavier,” sê hy. Hy is duidelik onthuts ná resensente hom gekap het oor sy senuagtige solo-vertoning tydens die Woordfees.

“Dit is lekker om die musiek met iemand te deel. Ek hou nie daarvan om alleen op te tree nie.

Hy kies sy eie musiek vir kompetisies en dit kom gewoonlik van wat hy by kompetisies hoor of wat 'n indruk by hom laat.

Hy dink baie van die musiek wat hy speel by kompetisies is te moeilik en hy is al by 'n kompetisie aangevat daaroor.

“My musiekkeuses is 'n geval van dom en braaf,” merk hy droogweg op.

In sy vrye tyd hou hy van lees en wil hy die afdyd van sy studies gebruik om op te vang met leeswerk en om sy bestuurderslisensie te kry.

Die vrye tyd is vir hom 'n uitdaging en is dit moeiliker om selfdiscipline aan die dag te lê met die oefening. “Ek kan nie myself kry om vroeg op te

### VAN ROELOF SE PRESTASIES

- Wenner van die SACS National Music Competition;
- Wenner van die 2014 Hennie Joubert Nasionale klavierkompetisie.

staan nie.”

Sy gunsteling komponis is Prokofiev asook Russiese komponiste soos Rachmaninoff en Tchaikovsky. Na die 8-Klavierskonert by die Woordfees het hy ook groter waardering vir ouer, voor-romantiese musiek. “Ek het nog altyd gedink dit is vervelig, maar na Saterdag was die Bach-stuk by verre die beste van die vertoning.”

Sy gunsteling pianis is Martha Argerich, en hy hoop om van haar vertonings te kan bywoon in Engeland. “Ek meen sy is al 74 jaar oud, ek sou haar graag wou sien.”

Hy speel sy repertoriums gememoreer, en volgens hom is sy bladles maar swak. “Ongelukkig gaan dit 'n loopbaan in begeleiding moeilik maak, want bladles is al wat jy daar doen.”

Musiek is nie sy enigste liefde nie en dit lyk voorlopig asof sy wiskundetalent onder die maatemmer gaan bly lê. Hy wag nog om te hoor van sy aansoek vir aktuariële wetenskap by Harvard, maar as hy aanvaar sou word, gaan hy steeds Londen toe.

“'n Mens moet érens 'n keuse vir die toekoms maak, en ek sal by musiek hou.”

Ondanks sy roem, is hy nog 'n gewone seun wat belang stel in die wêreld om hom en onderbreek gereeld my uitvra-sessie om oor my studies uit te vra. Hy weet baie van baie en as jy hom oor iets uitvra skroom hy nie om 'n welingeligte opinie te gee nie, hetsy dit gaan oor Suid-Afrikaanse musikante, films, musiek of boeke.

## LAUDO LIEBENBERG: ROF EN ONBESKOF

### Backstage met Laudo Liebenberg

NÁ 'N MOEILIKE BEGIN HET LAUDO LIEBENBERG DIT REG-GEKRY OM BEIDE SY LIEFDES, MUSIEK EN DRAMA, UIT TE LEEF. HY VERTEL MEER VIR **KAYLA ALEXANDER.**

Soos hy by die verhoog af stap groet elke persoon hom by die naam. Sy bos krulhare is natgesweet en sy wange is bloedrooi. Hy lê sy kitaar versigtig neer *backstage* en stap weer na die verhoog. “Ek is nou by jou,” sê Laudo Liebenberg, akteur en hoofseker van die alombekende rockgroep aKING.

Tien jaar gelede het hy die rol van Romeo vertolk in Marthinus Basson se *Romeo en Julia* (*Studie van 'n Verdrikkende Liggaam*). Resensente het hom beskou as een van die m opwindendste nuwe talente in Suid-Afrika.

Hy het dié suksesvolle teaterproduksie beskou as 'n platform om naam te maak in die vermaaklikheidsbedryf en dalk selfs 'n meisie te kry.

“Skryf daar, ‘Single, jong man, hou

van *rock 'n roll*. Dalk help die artikel my met iets,” het hy homself destyds aan *Die Burger* voorgestel.

Hy het grootgeword in Bellville, aan die Hoërskool DF Malan gematrikuleer en daarna, onseker of hy musiek of drama wou studeer, besluit om drama by die Universiteit Stellenbosch te studeer.

As eerstejaar in Wilgenhof is hy uitgeskop uit die dramakursus oor swak klasbywoning en moes die universiteit verlaat.

“Stellenbosch was so teater-orientated en ek't gou besef my ware passie was musiek.”

Met sy terugkeer na Bellville het sy ouers hom uit die huis geskop en hy het saam met die lede van die welbekende Fokofpolisiekar gaan bly.

Hier was dwelms, seks, *rock 'n roll* en wilde partytjies. Maar daar was ook broederskap en deernis.

“Daar was 'n persoonlike *freedom of discovery* daar. Ek het baie van myself ontdek in 'n tyd waar dinge maar eintlik bleedde deurmekaar was.”

Hy het gedurende hierdie tyd by 'n videowinkel gewerk.

“Ek het geld verdien deur letterlik rond te sit en fliks te kyk.”

Danksy sy drama-ervaring het hy in 2005 die geleentheid gekry om saam met die bekroonde regisseur,

en sy destydse dosent, Marthinus Basson, te werk in *Romeo en Julia*, saam met Antoinette Kellerman en Rolanda Marais, wat Julia vertolk het.

Laudo sê Francois van Coke het hom motiveer om weer musiek te maak, selfs na die sukses van *Romeo en Julia*.

Toe kry Laudo, Hunter Kennedy (Kitaarspeler van Fokofpolisiekar) en Jaco ‘Snakehead’ Venter (trompeler van Fokofpolisiekar en aKING) die idee om 'n nuwe musiekgroep te begin ná die swanesang van Fokofpolisiekar in 2006.

Die eindproduk van dié drie en baskitaarspeler Hennie van Halen se harde werk was die vrystelling van hul eerste album, “Dutch Courage”, wat in 2008 die trefferlyste volgestop het met liedjies soos “Safe as Houses” en “The Dance”. Hunter Kennedy is in 2009 vervang met Andrew Davenport.

Daarna het aKING nog drie albums uitgebring, “Against All Odds”, “The Red Blooded Years”, en in September verlede jaar, “Morning After”, wat bekroon is as iTunes se top Suid-Afrikaanse rock-album vir 2014, en ook genomineer is vir beste rock-album by vanjaar se SA-MA-toekennings.

Hulle het drie jaar geneem om die



Laudo Liebenberg tydens sy optrede by Neethlingshof.

album op te neem.

Hy speel ook steeds toneel. Hy het onlangs in die film *Twee Grade van Moord* gespeel en vertolk die rol van Dooley in die TV-reeks *Black Sails*.

“Dit is lekker om weer toneel te speel. Dis 'n goeie distraction.”

Laudo is ook onlangs verloof aan

sy jarelange liefde, Cara Bastiaanse, maar daar is nog geen sprake van 'n troudatum nie.

Tien jaar later is hierdie man van vele talente nie meer *single* nie en dalk 'n bietjie ouer, maar hy hou steeds van *rock 'n roll*.



‘Daar is nie ’n regte antwoord nie’

# Van Coke op die waterkar, maar steeds aan die wroeg

FRANCOIS VAN COKE STEL EERSDAAGS SY DEBUUT SOLO-ALBUM BEKEND. JACQUES MYBURGH HET MET HOM GAAN GESELS OOR FOKOPOLISIEKAR SE NUWE BIER EN WAAROM HY NOG ANTWOORDE SOEK.



Francois van Coke tydens sy optrede by die Woordfees.

FOTO: Simon Sonnekus

## ■ VROU EN HOND: HOEKOM HY SOGGENS OPSTAAN

Dit is ’n Blou Maandag. Dit is warm onder die seilte van De Vette Mossel op Stellenbosch, waar Francois Van Coke op een van die houtbankies sit met ’n Red Bull in die hand. Sy elmboog rus op die houttafel en die vrou met die hartjies vir oë – ’n vorige Van Coke Kartel se albumomslag wat op sy voorarm getatoeër is – glimlag gerusstelend.

“Ek het die *booze* gegroet so paar maande terug,” sê die Fokopolisiekar-voorsanger met ’n glimlag en tevredenheid in sy groen oë. Die Fokopolisiekar-manne het sowat ’n maand terug die eerste van vier unieke Fokopolisiekar-biere, naamlik Dagdronk, bekendgestel.

“Dis nie iets wat ek van die berge af wil skree nie, maar ek het nog nie self ons bier geproe nie,” skerts hy. “Die bier het tydens hierdie droë *stint* van my uitgekom, maar die ander ouens in die *band* drink die bier gereeld,” vertel hy en vat ’n sluk van die energiedrankie.

Hy staan op die rand van 35. Getroude. Hy het sy eie huis en grasperk in Bellville en ’n bulhond met die naam Ringo, vernoem na Ringo Star, tromspeler van The Beatles. Sy lewe vandag staan in skrilte kontras met 10 jaar gelede, toe hy en sy *band*-lede skaars genoeg geld gehad het vir ’n pak viennas en ’n pakkie sigarette. Hy’s *gesettle*, maar *rock* nog voort. Die vorige naweek het hy en sy band, Van Coke Kartel, voor ’n groot groep gillende, jillende, sweterige studentelywe gespeel.

“Musiek is my lewe, en dis ook wat ek doen vir ’n lewe. Ek moet speel om ’n lewe te maak, maar ek hou ook van speel.” Hy neem ’n kort pouse om sy gedagtes agtermekaar te kry. “Dit

is wat my gelukkig maak. Behalwe vir my vrou en hond is dit die rede hoekom ek uit die bed uit opstaan elke oggend.”

“All You Need is Love” van The Beatles dawer in die agtergrond. Hy vee sy natgeswete blonde kuif uit sy oë. Hy het sowat 10 minute terug “Help!” gespeel, ook ’n The Beatles liedjie – hier op die klein verhogie voor ’n mengelmoes-gehoor. Oud. Jonk. Almal met ’n bottel wyn op die tafel en ’n voet wat ritmies op die sagte seesand van De Vette Mossel stamp.

Die man van Bellville is nou amptelik ook ’n solokunstenaar. Met sy akoestiese kitaar het hy en sy muso-kameraad, Jedd Kussow, van Van Coke Kartel, die droewige Maandag Blues soos ’n priester wat ’n bouse gees verdryf, uit die feesgangers gelooi.

Sy selfgetitelde solo-album tref in April die rakke, maar hoe klink die album?

“Dit is nie *rêrig geset* in enige genre nie. Ek wou definitief iets anders doen as wat Van Coke Kartel en Fokopolisiekar is. Dis nog steeds *rock* maar dit het verskeie ander invloede ook, van pop, folk, *industrial* tot *country*,” sê hy terwyl hy op sy vingers die genres aftel. Groot name in die Suid-Afrikaanse musiekbedryf, onder andere Karen Zoid en Arno Carstens, verleen hulle stemme aan dié album.

In Van Coke se eerste enkelsnit, “Moontlik Nooit”, sing hy: “Tyd raak min en ek gaan moontlik nooit die antwoord hê nie.” Wroeg hy nog steeds soos tien jaar gelede toe hy ’n angsbevange anargistiese punk-rock-ster was om antwoorde te kry?

Ja, sê hy so versekerd soos ’n *power chord*: “Dit kom baie uit op die album. Daar is nie ’n regte antwoord nie. Wie weet die antwoord?” sê-vra hy. “Ek dink iemand wat baie erg glo in iets waarvan hulle seker is, is gevaarlik, want wie is *rêrig seker*?”

“

Dis nie iets wat ek van die berge af wil skree nie, maar ek het nog nie self ons bier geproe nie |

## MEER OOR VAN COKE SE TEATERBLOED, BELLVILLE WORTELS EN TATOES

- Die tatoe op sy bors “You don’t really care for music, do you?” is ’n uittreksel uit “Hallelujah” van Leonard Cohen. Van Coke sê hy’s nie so mal oor Cohen se stem nie maar hou baie van sy lirieke. “Ek verkies Jeff Buckley se weergawe van “Hallelujah” bo die oorspronklike song deur Cohen.”
- Francois het ook so bietjie teaterbloed in hom. In 2009 het hy by Aardklop in 2-21 gespeel. Die teks is geskryf deur Hunter Kennedy, mede-lid van Fokopolisiekar.
- Sy eerste band was New World Inside. ’n Punk-band waarin hy en Hunter Kennedy saamgespeel het.
- Bellville, sy tuisdorp, staan bekend as Bellville Rock City in die musiek-kringe. Groot name in die bedryf het hulle eerste akkoorde daar geslaan, insluitend New Holland, Foto Na Dans, aKING en K.O.B.U.S!.